



eduresourceza.com

BLOKKIESRAAISEL

Karakters


Dwars

1. Barries wil hom graag as 'n broer hê
2. Sy is 'n nudis en 'n nimfomaan
3. Barries se bynaam is van hierdie van afgelei
5. 'n Negentienjarige "hunk" wat baie rondslaap
7. Sý seun was ook 'n dwelmslaaf (van)
9. Hy is nie Barries se biologiese pa nie
10. Die De Kock-broers se pa
13. Sy kan nie tussen dag en nag onderskei nie
14. Barries se vriendin se van
15. 'n Medikus van Johannesburg wie se dogter blind is
17. Dié De Kock-broer het 'n slegte vel

19. Die polisievrout se regte naam
20. Die groot uitsmyter by 'n klub

Af

1. Die verpleegster wat Barries se toestand monitor
3. 'n Daggaroker wat al jare lank op die plaas woon se van
4. Sy is na 'n wrede aanval hulpeloos en moet gevoer word
6. Hy koop Barries se kosbaarste besittings (van)
8. Hy voorsien mense van dwelms
11. Die vreemde van van die vrou wat hondelewens red
12. Hy en Barries se pa is soos broers
16. Die blinde meisie se ma
18. 'n Groot polisieman van die Oos-Kaap se van




Name, beroep en range

Dwars

5. Die hoë rang van die polisieman wat Barries vir rehabilitasie stuur
6. Jassie du Toit en Floris-hulle se ma is een
7. Die naam wat die Du Toits vir die gidshond gegee het
11. Die rang van die jong polisievrout
14. Die De Kock-pa se beroep
15. Die plaas waar die storie eindig
16. Die naam wat Barries vir sy hond gee
17. 'n Persoon wat waterpype aanlê en toilette installeer

Af

1. Die blinde meisie het van daar af plaas toe geloop
2. Die rang van die polisieman wat Barries polisieostasie toe neem
3. Die stad waar Barries se hond geopereer is
4. Die vrou wat Jona se lewe red, is een
8. Die naaste dorp aan Paul se plaas
9. Die beroep van die man wat raakgery is
10. Mevrouw Kapoor se beroep
12. 'n African Grey-papegaai wat baie kan praat
13. 'n Ryk woonbuurt waar Barries en sy vriende woon



EKSAMENVRAESTELLE

VRAESTEL A

VRAAG 1

TEMA: Jona – 'n ervaring wat geld nie kan koop nie

1.1

"Dankie Barries," laat Eunice vir die eerste keer van haar hoor. "Dis die heel beste Kersgeskenk wat ek vandag kon kry." (bl. 211)

* * * *

"Jona was een van die beste ervarings wat ek nog in my lewe gehad het, Eunice." (bl. 228)

Jona het saam met die Du Toits by die see kom vakansie hou, maar later op Seeplaas beland.

- 1.1.1 Wat het gebeur dat Jona by Seeplaas beland het? Vertel kortliks.
Hy het oorboord 'n seiljag geval ✓ en toe by Seeplaas uitgespoel waar hy tussen rotse vasgesit en deur Barries gered is. ✓ (2)
- 1.1.2 Hoe het die Du Toits geweet waar om vir Barries in die hande te kry?
Hulle het die adres by dokter Hakinin, die veearts, gekry. ✓ (1)
- 1.1.3 Hoekom het Eunice vir Jona/Bart so nodig in haar lewe?
Sy is heeltemal blind en Jona lei haar na waar sy moet wees. ✓ (1)
- 1.1.4 Hoekom, dink jy, was Jona so 'n besondere ervaring vir Barries?
Dit het hom gehelp om sy daggaverslawing te oorkom/Jona het weer sin aan Barries se lewe gegee. ✓ (1)

1.2

"Ons het gehoor van al jou uitgawes met Bart," val sy vrou in. "Maar my man het klaar vir jou 'n tjek geskryf vir die volle bedrag plus losies en versorging." (bl. 210)

Barries was vasbeslote om Jona te red en dit het baie geld gekos.

- 1.2.1 Hoe groot was die rekening om Jona se lewe te red uiteindelik?
R8 000 ✓ (1)
- 1.2.2 Wat moes Barries doen omdat hy nie genoeg geld gehad het om te betaal nie?
Hy moes die meeste van sy kosbaarste besittings verkoop. ✓ (1)
- 1.2.3 Watter leuen het Paul vir Barries vertel oor die laaste R2 000 van die rekening? Sê kortliks.
Hy het gesê dokter Hakinin het die uitstaande geld afgeskryf, ✓ maar intussen het hy dit self betaal. ✓ (2)
- 1.2.4 Mevrouw Hermien du Toit praat hier van "al jou uitgawes met Bart". Watter uitgawes sal daar in die toekoms met Bart wees? Sê kortliks.
Hy ly aan die ongeneeslike Von Willebrand se siekte ✓ en sal altyd duur medikasie daarvoor nodig hê. ✓ (2)

1.3

Die dokter hou 'n tjek na hom toe uit. "Hier Barries, jy verdien elke sent hiervan."
"Ek wil nie julle geld hê nie."
"Nonsens," sê die dokter en druk die tjek in Barries se hand. (bl. 211)

Barries wil geen geld aanvaar wanneer hy Jona aan sy eienaars teruggee nie.

- 1.3.1 Waarvoor gee dokter Du Toit vir Barries 'n tjek?
Vir al die mediese en ander uitgawes wat Barries gehad het om Jona se lewe te red. ✓ (1)
- 1.3.2 Hoekom weier Barries om die tjek te aanvaar?
Barries se tyd saam met Jona kan nie met geld gemeet word nie. ✓ (1)
- 1.3.3 Wat doen Barries met die tjek nadat die Du Toits vertrek het?
Hy skeur dit (in klein stukkes) op ✓ en strooi dit soos confetti in die lug. (1)
- 1.3.4 Op watter ander manier probeer dokter Du Toit dan vir Barries vergoed?
Hy bied aan om te help dat hulle goeie versorging vir Barries se ma kan reël. ✓ (1)
- [15]

VRAAG 2

TEMA: Seeplaas – Paul se plek om van die verlede weg te kom en homself weer te vind

- 2.1 Paul Barnard het 'n stormagtige verlede en het Seeplaas toe gekom om homself reg te ruk en 'n sinvolle lewe te lei. Hy wou nog altyd naby die see en weg van mense af woon. Toe ontdek hy Seeplaas ...

Skryf 'n paragraaf oor **Paul se lewe op Seeplaas**. Jou paragraaf moet tussen 80 en 120 woorde wees en moet die volgende feite insluit:

Paul se stil plekkie by die see

Paul se stil plekkie by die see

- Aan wie het die hele gebied vroeër behoort? (1)
- Hoe kon Paul dit bekostig om 'n plaas soos Seeplaas te koop? (1)
- Sê kortliks hoe Paul se huis op Seeplaas lyk. (2)
- Die lewe op Seeplaas is primitief en moeilik. Gee twee voorbeelde hiervan. (2)
- Wie woon met Paul se toestemming ook op Seeplaas? (1)
- Wie woon aanvanklik sonder Paul se toestemming op Seeplaas? (1)

Die hele gebied waar Seeplaas geleë is, het vroeër aan die Booysens behoort. ✓ Paul het geld by sy oupa geërf om die plaas te koop. ✓ Hy het vir hom 'n kliphuis ✓ met 'n grasdak ✓ daar gebou. Die plaas is moeilik bereikbaar, want die pad daarheen is baie ongelyk en klipperig, Paul sukkel gedurig met die kragopwekker en daar is nie goeie selfoonontvangs nie. ✓✓ Stef, 'n jarelange vriend, en sy meisie Olga woon ook daar. ✓ Karel Booysen en sy gesin plak onwettig op Paul se grond. ✓ (8)

- 2.2 **Aan die einde van die verhaal** moet Paul 'n sensusvorm oor sy lewe op Seeplaas invul en die onderstaande inligting verskaf:

2.2.1	Watter kreatiewe aktiwiteite doen jy hier?	Ek skilder ✓ en doen beeldhouwerk. ✓	2
2.2.2	Hoeveel mense woon tans in die plaashuis?	vier ✓	1
2.2.3	Spesifiseer enige troeteldiere op die eiendom.	Nelson, 'n African Grey papegaai ✓	1
2.2.4	Watter toiletgeriewe is daar op die eiendom?	'n Buitetoilet ✓ met 'n dreineringspoelstelsel (French drain). ✓	2
2.2.5	Vang jy vis vir 'n bestaan? Verduidelik.	Nee, ek hou nie daarvan om dood te maak nie. ✓	1

(7)

[15]

VRAAG 3

TEMA: Barries speel oop kaarte oor sy afhanklikheid en gebruik van dagga

Eunicé du Toit is Barries se nuwe meisie en sy kuier vir die vakansie by hom op die plaas. Hy wil nie hê daar moet enige geheime tussen hulle wees nie. Daarom het hy besluit om haar van sy dagga-verlede te vertel. Eunicé het heelwat vrae om te vra.

Opdrag:

Voltooi die volgende gesprek tussen Barries en Eunicé. Skryf slegs Barries se woorde neer.

- 3.1 Eunicé: "Ma pa sê jy is goed in sport. Hoe het dagga jou sport geaffekteer?"
Barries: "Dit het my stadiger en swakker gemaak." ✓ (1)
- 3.2 Eunicé: "Fillie sê jy het die hele tyd 'n sonbril gedra toe jy op Seeplaas aangekom het, maar jy dra nie nou meer een nie. Hoekom?"
Barries: "My oë was baie sensitief vir skerp lig weens die dagga ✓ – ek moes gedurig oogdruppels ingooi." (1)
- 3.3 Eunicé: "Dwelmmisbruik lei dikwels tot een of ander tragedie. Was dit ook so in jou geval?"
Barries: "Ja, twee tragedies: 'n Verkeersman is dood nadat ons hom raakgery het ✓ en my ma is spasties en sal vir die res van haar lewe versorging nodig hê." ✓ (2)
- 3.4 Eunicé: "Paul sê hy het belowe om vir jou dagga te gee toe julle teen mekaar kompeteer het. Waarin het julle kompeteer?"
Barries: "Ons het skaak ✓ teen mekaar gespeel om te sien wie die beste was." (1)
- 3.5 Eunicé: "Hoe het jy reageer toe jy nie vir Paul kon wen nie?"
Barries: "Ek het die skaaktafeltjie omgegooi ✓ en na my kamer toe gestorm." ✓ (2)
- 3.6 Eunicé: "Het jou verslawing aan dagga iets daarmee te doen dat jy Seeplaas toe gekom het?"
Barries: "Ja, die polisie het my hiernatoe gestuur vir rehabilitasie." ✓ (1)
- 3.7 Eunicé: "Barries, ek het gehoor jy praat met die polisievroutoe oor Butcher. Wie is hy, en hoe pas hy in die prentjie in?"
Barries: "Hy is 'n dwelmhandelaar. ✓ Hy het giftige dwelms aan my verkoop wat my in die hospitaal laat beland het / Hy het my ma aangerand en ernstig beseer." ✓ (2)
- [10]

VRAAG 4

TEMA: Dwelmmisbruik

Dwelmmisbruik, en meer spesifiek die gebruik van dagga, is die oorsaak van verskillende gebeure in hierdie boek. Ons lees van verskeie plekke waar dwelms vrylik gebruik word.

TEMA: Dwelmmisbruik

Dwelmmisbruik, en meer spesifiek die gebruik van dagga, is die oorsaak van verskillende gebeure in hierdie boek. Ons lees van verskeie plekke waar dwelms vrylik gebruik word.

Skrif 'n opstel van 250–350 woorde oor die gebruik van dwelms in die plekke hieronder. Die paragrawe moet in die volgorde hieronder geskryf word. Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite daar verwag word.

4.1 Dwelmmisbruik in die klubs

- Hoekom wil Jumbo Barries-hulle aanvanklik nie in die eerste klub toelaat nie? (1)
- Wat gaan Barries in die klub se toilet doen? (1)

© edupage cc 2019

Bladsy 101 van 106

- Hoekom word Barries by die klub uitgesmyt? (2)
- Wat gaan Barries eers doen voordat hulle 'n tweede klub besoek? (1)
- Watter tragiese gevolg het die jongmense se dwelmmisbruik daardie aand? (1)

4.2 Dwelmmisbruik op Barries-hulle se balkon:

4.2 Dwelmmisbruik op Barries-hulle se balkon:

- Wat was kaptein Mfeka se laaste waarskuwing aan Barries voordat hulle hom by die woonstel afgelaai het? (1)
- Waar het Barries die dagga gekry wat hy hier rook? (1)
- Waarmee het hy die dagga gemeng om ekstra "skop" daaraan te gee? (1)
- Watter lewensgevaarlike ding doen Barries terwyl hy hier op die balkon rook? (1)

4.3 Dwelmmisbruik in Barries-hulle se woonstel:

- Hoekom hou Olga nie van dagga nie? (1)
- Wat beplan Barries en Olga om daardie aand vir die eerste keer te doen? (1)
- Hoekom wil sy hulle egter eers met dwelms inspuit voordat hulle dit doen? (1)
- Hoekom wil Barries dit nie toelaat nie? (1)
- Watter onmiddellike effek het die dwelms waarmee Olga haarself inspuit? (1)
- Die volgende oggend is Olga weg en Barries lees teen die spieël:
"Thx Bar. Jy was my beste ooit."
Wat besef Olga dus nie van die vorige aand nie? (1)

Assessering: 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (4)

[20]

4.1

- *Hulle is nog minderjarig/Hulle is nog nie 18 jaar oud nie.* (1)
- *Hy gaan maak die dagga wat hy gekoop het fyn sodat hulle dit kan rook.* (1)
- *'n Man in die klub raak aan Lizette se boud, en 'n bedwelmdede Barries slaan hom met sy*

- *Hy gaan koop dagga en ecstasy by Butcher se winkel.* (1)
- *Theo ry 'n verkeersman raak en die man word ernstig beseer.* (1)

4.2

- *As Barries dagga koop voordat hy die volgende dag op die bus klim, gaan hy reguit polisie toe.* (1)
- *Hy het dit by 'n kosstalletjie naby die woonstel gekoop.* (1)
- *Met twee ecstasy-tablette* (1)
- *Hy klim op die muurtjie van die balkon en loop daarop, tien verdiepings bo die grond.* (1)

4.3

- *Sy sê dit doen niks vir haar nie – sy verkies sterker dwelms.* (1)
- *Hulle beplan om seks te hê.* (1)
- *Volgens haar geniet 'n mens seks meer as jy bedwelmd is.* (1)
- *Hy wil nie sy eerste seksuele ervaring hê terwyl hy onder die invloed van dwelms is nie/Hy gebruik nie meer dwelms nie en wil nie nou weer daarmee begin nie.* (1)
- *Sy raak dadelik in 'n beswyming en weet nie wat om haar aangaan nie.* (1)
- *Sy besef skynbaar nie dat sy en Barries nie die vorige aand seks gehad het nie.* (1)

VRAESTEL B

VRAAG 1

TEMA: Barries sweer wraak teen sy pa, Paul Barnard

1.1

Hy dagdroom gereeld oor die dag wanneer hy gaan wraak neem. Dit is waarvoor hy die pakkie rottegif in sy tas bêre. (Stofomslag)

1.1.1 Waaroor wil Barries wraak op sy pa neem? Gee enige twee relevante redes.

Sv pa het hom mishandel toe hv klein was/hom met die belt aeslaan/hv het hom en sv ma

VRAAG 1

TEMA: Barries sweer wraak teen sy pa, Paul Barnard

1.1

Hy dagdroom gereeld oor die dag wanneer hy gaan wraak neem. Dit is waarvoor hy die pakkie rottegif in sy tas bêre. (Stofomslag)

1.1.1 Waaroor wil Barries wraak op sy pa neem? Gee enige twee relevante redes.

Sy pa het hom mishandel toe hy klein was/hom met die belt geslaan/hy het hom en sy ma verlaat/hy het nooit enige van sy kaartjies beantwoord nie. ✓✓ (2)

1.1.2 Waar het Barries die pakkie rottegif gekry wat hy in die tas gebêre het?

By Butcher/by sy dwelmverskaffer. ✓ (1)

1.1.3 Hoeveel gif moet Barries gebruik om sy pa siek te maak, maar nie dood te maak nie?

Net 'n mespunt vol gif. ✓ (1)

1.1.4 Barries is met die tas op pad na sy pa toe op die plaas. Wat is die plaas se naam?

Seeplaas ✓ (1)

1.1.5 Wat, hoop die polisie, sal met Barries gebeur terwyl hy weg is?

Hy sal rehabiliteer/hy sal ophou dwelms gebruik. ✓ (1)

1.1.6 Wat sal met Barries gebeur as hy weier om na sy pa toe te gaan?

Hv sal in die tronk beland. ✓ (1)

1.1.7 Barries vra op 'n stadium dat sy ma moet saamgaan plaas toe. Hoekom wil sy egter hê dat hy alleen moet gaan?
Sy wil hê hy moet alleen dinge met sy pa uitpraat/Sy pa moet alles vir hom vertel. ✓ (1)

1.1.8 Waarom wil Theo en Floris De Kock se pa ook hê dat Barries moet weggaan?
Barries sal dan nie teen Theo kan getuig nie. ✓ (1)

1.2

Nie genoeg om sy pa dood te maak nie. Net genoeg om hom dae lank te laat krul van die pyn. (Stofomslag)

1.2.1 Barries gee later vir sy pa van die rottegif in sonder dat sy pa dit weet. Op watter manier doen hy dit?
Hy gooi rottegif in sy pa se brandewynbottel. ✓ (1)

1.2.2 Watter effek het die rottegif op sy pa?
Hy kry erge maagkrampe en moet dokter toe gaan. ✓ (1)

1.2.3 Barries het ook met sy aankoms by Paul "gekrul van pyn". Wat was die rede hiervoor?
Hy het voedselvergiftiging opgedoen nadat hy 'n vleispastei geëet het wat nie vars was nie. ✓ (1)

1.3

"My pa is 'n monster. Monsters verander nie. Rotte sal altyd rotte bly."
"Maar mense is nie rotte nie," sê Lizette. (bl. 6)

Rottegif is vir rotte bedoel. Daarom draai hy die brandewyn se prop weer op. (bl. 214)

1.3.1 Wat doen Barries uiteindelik met die rottegif wat oorgebly het?
Hy spoel dit in die toilet weg. ✓ (1)

1.3.2 Barries erken uiteindelik teenoor Paul dat hy hom wou vergiftig. Waar is hulle wanneer Barries dit teenoor Paul erken?
In Humansdorp waar Barries wag om die bus Johannesburg toe te haal. ✓ (1)

1.3.3 Wat sê Barries vir Paul is die rede dat hy hom wou vergiftig?
Hy wou vir Paul wys dat hy net so laag en gemeen soos hy kon wees. ✓ (1)
[15]

VRAAG 2

TEMA: Barries en Stef Jonker – 'n stormagtige ontmoeting

2.1 Wanneer Barries op Humansdorp arriveer, is sy pa nie daar om hom te ontmoet nie. Sy eerste ontmoeting is met **Stef Jonker**. Hulle twee **stamp van die begin af koppe**.

Gebruik die antwoorde op die onderstaande vrae en skryf een paragraaf oor **die ontmoeting tussen**

TEMA: Barries en Paul – 'n herontmoeting na twaalf jaar

2.2 **Barries ontmoet sy pa weer na twaalf jaar.** Voltooi die volgende paragraaf oor Barries se herontmoeting met sy pa.

Skryf net die **nommer van die vroe** en die **ontbrekende woorde** neer.

Barries ontmoet sy pa, Paul Barnard, na baie jare weer en albei is baie **2.2.1**. Barries is arrogant en weier om Paul se hand te skud of om hom **2.2.2** te noem. Paul het **2.2.3** op sy bo-arms wat Barries nie kan onthou nie. Barries wil dadelik weet waar die **2.2.4** is en dis waar hy die grootste deel van die dag

© edupage cc 2019

Bladsy 104 van 106

deurbring. Later sê hy vir Paul: "Vat my huis toe, want **2.2.5** ..." Hy kry **2.2.6** se kaartjie en sê hulle moet haar bel. Hulle kan egter nie, want daar is nie **2.2.7** nie omdat die opwekker sonder diesel gaan staan het.

2.2.1	<i>gespanne/senuweeagtig</i>	1
2.2.2	<i>Pa</i>	1
2.2.3	<i>tatoeëermerke/tatoeëerfigure</i>	1
2.2.4	<i>toilet</i>	1

2.2.5	<i>"ek is besig om te vrek"/"ek sal dit nooit hier maak nie"</i>	1
2.2.6	<i>Nico/sersant Schreuder</i>	1
2.2.7	<i>elektrisiteit/krag</i>	1

(7)

[15]

VRAAG 3**TEMA: 'n Poging om Barries te rehabiliteer**

Barries en sersant Schreuder is per bus op pad na Barries se pa toe en hulle ry die hele nag voordat hulle die volgende oggend in Humansdorp aankom. Voltooi die dialoog wat tussen hulle plaasvind deur elke keer **sersant Nico Schreuder se antwoorde op Barries se vroe** neer te skryf.

- 3.1 Barries: "Sersant, jy lyk baie jonk om 'n polisievrout te wees. Hoe oud is jy?"
Nico: *"Ek is vier en twintig. ✓ En noem my sommer Nico."* (1)
- 3.2 Barries: "Dis 'n vreemde naam vir 'n meisie. Waar kom dit vandaan?"
Nico: *"My naam is eintlik Nicolene, maar almal noem my van kleins af Nico." ✓* (1)
- 3.3 Barries: "Ek is baie lief vir krieket en my meisie se naam is Lizette. Vertel my 'n bietjie meer van oor 'n jaar". ✓✓ (enige twee feite) (2)
- 3.4 Barries: "Dis seker moeilik om saam met kaptein Mfeka te werk. Is hy altyd so ongeskik?"
Nico: *"Hy is nie ongeskik nie. Hy is net baie reguit." ✓* (1)
- 3.5 Barries: "Waarom, dink jy, wil hy my so graag saam met die ander skollies toesluit?"
Nico: *"Hy wil net nie hê jy moet dieselfde pad as sy seun loop nie." ✓* (1)
- 3.6 Barries: "Wat bedoel jy?"
Nico: *"Sy seun is vir tien jaar tronk toe gestuur/aanrandings/iemand is dood/dit het by dagga begin/late was dit Mandrax en heroïne." ✓✓✓ (enige drie feite)* (3)
- 3.7 Barries: "Ek dink nie die kaptein worry regtig oor my nie!"
Nico: *"As hy nie vir jou omgee het nie, was jy nou in die selle/het jy nie hier gesit om 'n tweede kans te kry nie." ✓ (enige een)* (1)

[10]

VRAAG 4**TEMA: Olga – verleidster, moeilikheidmaker en dief****Opdrag:**

Skryf 'n opstel van 250–350 woorde oor Barries se verskeie interaksies met Olga en die probleme wat Olga vir Barries, maar ook vir haarself, veroorsaak.

4.1 Olga – Waar kom sy vandaan?

- Waar kom Olga oorspronklik vandaan? (1)
- Watter twee weergawes het sy vir Barries van haar kinderjare gegee? (2)
- Daarna het Olga vir 'n jaar in Johannesburg gewoon. Wat het sy in hierdie tyd begin doen? (1)
- Sy en Stef het mekaar in Port Elizabeth ontmoet. Waar was albei op daardie stadium? (1)
- Hoekom het Paul Barnard vir hulle 'n plek aangebied om te woon? Sê kortliks. (1)

4.2 Barries se eerste ontmoeting met die wulpse Olga:

- Vertel waar Barries Olga die eerste keer gesien het en wat sy besig was om daar te doen? (2)
- Hoe het hy vir seker geweet dat die meisie wat hy gesien het, Olga was? (1)
- Wanneer Stef Barries kort daarna aan Olga voorstel, sê sy dat sy hom reeds op die rotse ontmoet het. Wat is Stef se onmiddellike reaksie? (1)
- Olga kom op 'n stadium hulp soek by Paul nadat Stef homself toegesluit het. Waarom het Stef dit gedoen? (1)
- Paul vertel vir Barries dat Stef vir Olga geslaan het. Waarom het Stef haar geslaan? (1)
- Hoe voel Olga regtig oor Stef? (1)

4.3 Barries besoek Olga by haar en Stef se blyplek:

- Wat dink Fillie wil Barries daar gaan doen? (1)
- Stef arriveer by die huis terwyl Barries daar is. Hoe weet hy dat Barries by Olga is? (1)

- Wat dink Fillie wil Barries daar gaan doen? (1)
- Stef arriveer by die huis terwyl Barries daar is. Hoe weet hy dat Barries by Olga is? (1)
- Hoe weet Stef dat Barries onder die bed wegkruip? (1)

Assessering: 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (4)

[20]

4.1

- *Van Namibië/Windhoek af* (1)
- *Sy het vertel dat sy van haar ouerhuis af weggeloop het.* (2)
- *Sy het vertel dat sy in 'n kinderskool grootgeword het en geen familie het nie.* (1)
- *Sy het begin om dwelms te gebruik.* (1)
- *In 'n inrigting vir geestesversteurdes./Die Donkin in Port Elizabeth.* (1)
- *Paul het in Stef-hulle se huis grootgeword en hulle is soos broers vir mekaar.* (1)

4.2

- *Hy het haar op die rotse gesien. Sy was besig om kaal te sonbrand.* (2)
- *Hy het haar al op Paul een van Paul se skilderye gesien.* (1)
- *Hy wil weet wat sy aangehad het toe Barries haar ontmoet het.* (1)
- *Olga het vir Stef vertel dat Barries haar kaal op die rotse gesien het.* (1)
- *Hy hou nie van die manier waarop Barries en Olga na mekaar kyk nie.* (1)
- *Stef wag haar.* (1)

4.3

- *Om seks met Olga te hê.* (1)
- *Hy het vir Jona buite die huis op die werf gesien.* (1)

- Sy het begin om dwelms te gebruik. (1)
- In 'n inrigting vir geestesversteurdes./Die Donkin in Port Elizabeth. (1)
- Paul het in Stef-hulle se huis grootgeword en hulle is soos broers vir mekaar. (1)

4.2

- Hy het haar op die rotse gesien. Sy was besig om kaal te sonbrand. (2)
- Hy het haar al op Paul een van Paul se skilderye gesien. (1)
- Hy wil weet wat sy aangehad het toe Barries haar ontmoet het. (1)
- Olga het vir Stef vertel dat Barries haar kaal op die rotse gesien het. (1)
- Hy hou nie van die manier waarop Barries en Olga na mekaar kyk nie. (1)
- Stef walg haar. (1)

4.3

- Om seks met Olga te hê. (1)
- Hy het vir Jona buite die huis op die werf gesien. (1)
- Barries se selfoon lui skielik. (1)

Assessering: 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (4)

[20]